| | | |
|---|---|---|
| Posbus 3467<br>DALVIEW<br>1544<br>Tel 011 743 3621/2/3/4<br>Faks 011 845 5124<br>E-pos:<br>hoof@sonneveldakademie.co.za<br>admin@sonneveldakademie.co.za | | Uitgawe<br><br>**1** |
| | **SONNEVELD AKADEMIE** | Dokument nommer<br>**SA-LEIER-001** |

# LEIERSVERKIESINGSBELEID

| GOEDKEURING | | | |
|---|---|---|---|
| | **Naam** | **Posisie** | **Datum** |
| Opgedateer deur | Steven Weber<br>Skoolbestuurspan | Skoolhoof<br>Bestuur | 17 Oktober 2016<br>13 Junie 2023 |
| Aanbeveel deur | C de Bruin<br>L Smit | Onderhoof<br>Leiervoog | 17 Oktober 2016<br>13 Junie 2023 |
| Goedgekeur deur | Beheerliggaam<br>Beheerliggaam | Voorsitter<br>Voorsitter | 17 Oktober 2016<br>13 Junie 2023 |

| HERSIENINGSGESKIEDENIS | | | |
|---|---|---|---|
| **Uitgawe** | **Gedeeltes beïnvloed** | **Nagegaan deur** | **Datum** |
| 1 | Totale Beleid | Mnr S Weber | 16 Oktober 2016. |
| 2 | Totale beleid | Mnr S Weber | 13 Junie 2023 |

# VERKIESING VAN LEIERS

1. Die samestelling van die leiersorganogram is hierby aangeheg as Aanhangsel A. Die struktuur is as volg:

| LEERLINGRAAD | | | |
|---|---|---|---|
| **Posbeskrywing** | **Graadvlakke** | **Area van verantwoordelikheid** | **Lyn van rapportering** |
| Leiervoog | Onderwyser | Oorhoofse beheer en kontrole. | Skoolhoof / Bestuurspan |
| President | Graad 10 & 11 | Operasionele hoof | Leiervoog |
| Vise-President | Graad 6 | Ondersteunende rol aan President asook eie toekende funksies. Tree ook op as waarnemende President indien nodig | Leiervoog / President |
| Vooghulp Ondersteunend | Onderwyser | Akademiese aangeleenthede | Leiervoog |
| Voorsitter | Graad 10 & 11 | Akademiese aangeleenthede | President |
| O/Voorsitter | Graad 6 | Ondersteunende rol aan voorsitter. Tree op as waarnemende voorsitter | Voorsitter: Akademiese |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | indien nodig. | aangeleenthede |
| Leiers | Graad 6 (2xleiers) Graad 10&11 (3xleiers) | Akademiese aangeleenthede | Voorsitter: Akademiese aangeleenthede |
| | | | |
| Vooghulp Ondersteunend | Onderwyser | Kulturele aangeleenthede | Leiervoog |
| Voorsitter | Graad 10 & 11 | Kulturele aangeleenthede | President |
| O/Voorsitter | Graad 6 | Ondersteunende rol aan Voorsitter met eie funksies. Tree op as waarnemende voorsitter indien nodig | Voorsitter: Kulturele aangeleenthede |
| Leiers | Graad 6 (2xleiers) Graad 10&11 (3xleiers) | Kulturele aangeleenthede | Voorsitter: Kulturele aangeleenthede |
| | | | |
| Vooghulp Ondersteunend | Onderwyser | Sport aangeleenthede | Leiervoog |
| Voorsitter | Graad 10 & 11 | Sport aangeleenthede | President |
| O/Voorsitter | Graad 6 | Ondersteunende rol aan voorsitter met eie funksies. Tree op as waarnemende voorsitter indien nodig | Voorsitter: Sport aangeleenthede |
| Leiers | Graad 6 (2xleiers) Graad 10&11 (3xleiers) | Sport aangeleenthede | Voorsitter: Sport aangeleenthede |

2. Die verkiesing van leiers vind jaarliks plaas voor die Meriete-aande op 'n datum bepaal deur die skoolhoof.

3. Die skoolhoof stel 'n "verkiesingsbeampte" aan wat verantwoordelik sal wees vir die afneem van die verkiesing op die datum bepaal deur die skoolhoof.

4. Die betrokke grade se klaslyste word saamgebind en dit vorm die "kiesersrol" om te verseker dat elke leerder die geleentheid kry om sy of haar stemme uit te bring.

5. Al die graad 6 (laerskool) en grade 11 en 10 leerders (Hoërskool) kwalifiseer om genomineer te word om as leiers verkies te word. Die skoolhoof mag vra vir nominasies en slegs die genomineerde leerders word op die stembrief geplaas. Die skoolhoof mag ook besluit om alle leerders in die vermelde grade as genomineerd te beskou en hulle name op die stembrief aanbring. In so geval mag geen leerder uitgesluit word nie, tensy 'n leerder self versoek om weggelaat te word. Indien daar 'n geldige en relevante klag teen 'n leerder ingebring word om nie op die genomineerde lys te verskyn nie, moet die klagte en nodige bewyse voor die verkiesingsdatum aan die Bestuurspan voorgelê word vir oorweging.

6. Alle leerders vanaf graad 4 tot 11 mag stem vir enige leerder in graad 4 tot 11 om op die leiersraad te dien.
7. Die aantal leiers per jaar word jaarliks bepaal deur die skoolbestuurspan onder leiding van die skoolhoof. Die oorhoofse behoefte en aantal leerders moet in ag geneem word wanneer die aantal leiers bepaal word. Indien daar 'n verskil bestaan, is die skoolhoof se besluit finaal.
8. Stemming vind plaas per geslote stembrief onderleiding van die persoon daartoe getaak deur die skoolhoof wat optree as verkiesingsbeampte tydens die dag van stemming. Daar moet prosedures in plek gestel wees om dit moontlik te maak vir alle leerders in grade 4 tot 11 om te stem.
9. Elke leerder/onderwyser mag net een keer stem op een stembrief vir die aantal leerders soos aangedui op die stembrief. Leerders en onderwysers mag vir minder as die voorgeskrewe aantal leerders stem maar nie meer nie. Indien vir meer as die voorgeskrewe aantal op een stembrief gestem word, word die betrokke stembrief verwerp en word geen van die stemme in ag geneem nie. Die skoolhoof moet toesien dat kontroles ge-implementeer en toegepas word.
10. Na afloop van die stemming word die houers oop gemaak in die skoolhoof se kantoor onder toesig van die verkiesingsbeampte, 'n tweede persoon aangewys deur die skoolhoof en die skoolhoof.
11. Die aantal stembriewe word gerekonsilieer met die stemlyste en onderteken deur die persone wat die rekonsiliasie gedoen het.
12. Die aantal stemme per stembrief word bepaal deur die bestuurspan in ooreenstemming met die leiersorganogram. Indien 'n leerder vir voorgeskrewe aantal genomineerdes of minder as die voorgeskrewe aantal genomineerdes stem, is dit 'n geldige stembrief wat in berekening gebring moet word. Indien leerders vir meer as die voorgeskrewe aantal genomineerdes stem, moet dit beskou word as 'n bedorwe stembrief en moet die hele stembrief nie in berekening geneem word nie.
13. Die stemme word dan getel en aangeteken. Leerders se stembriewe dra 'n gewig van 1. Na die diskresie van die bestuurspan dra die onderwysers se stembriewe 'n maksimum gewig van x3.
14. Leerders en onderwysers stem op aparte stembriewe vir leiers.
15. Die kandidate met die meeste stemme word oorweeg vir President van die leerlingraad (Graad 10 of 11) en Vise-president (Graad 6), tensy daar na die diskresie van die Skoolbestuurspan, geldige redes bestaan om nie hierdie betrokke twee kandidate te oorweeg vir President of Vise-president nie. In so geval, mag die Bestuurspan die

eersvolgende kandidaat oorweeg vir President of Vise-president. Voorkeur moet aan graad 11 leerders gegee word vir die rol van President.

16. Na afloop van die verkiesing en indien daar 'n behoefte daarna is, mag die skoolbestuurspan onderhoude voer met die voorgestelde President en Vise-president om 'n finale keuse te maak ten opsigte van die algemene geskiktheid van die betrokke twee kandidate as leierhoofde. Die besluit van die Skoolbestuurspan om onderhoude te voer, aldan nie, is finaal en sal sodanig geïmplementeer word.

17. Nadat die President en Vise-president aangestel is, word die eersvolgende 3 kandidate wat die meeste stemme verwerf het op beide die lyste onderskeidelik oorweeg vir Voorsitter (Graad 10 & 11) en Ondervoorsitter (Graad 6). Hierdie kandidate word dan, na die diskressie van die Bestuurspan, aangestel na aanleiding van die drie areas van verantwoordelikhede. Sodanige kandidate moet 'n bewese rekord hê van deelname en prestasie in die betrokke area van verantwoordelikheid. Sou die Bestuurspan van mening wees dat enige van hierdie kandidate nie geskik is vir die rol waartoe hulle verkies is nie en waarvoor geldige redes bestaan, mag die Bestuurspan 'n alternatiewe aanstelling vanaf die oorspronklike verkose lys oorweeg en implementeer.

18. Die oorblywende verkose leiers word daarna aangestel as leiers in die verskillende areas van verantwoordelikhede ooreenkomstig die besluit van die Bestuurspan.

19. Met die finale aanstelling van leiers behoort die volgende spekte in oorweging geneem te word:

    - Akademieserekord
    - Skoolbywoning
    - Algemene voorkoms
    - Detensierekord

20. Al die verkose leiers word aangekondig tydens die laaste saalbyeenkoms voor die prestige-aand. Hulle moet dan almal versoek word om die prestige-aand by te woon. Tydens die prestige-aand word die President, Vise-president, Voorsitters en Ondervoorsitters aangekondig.

21. Die inhuldiging van alle verkose leiers word tydens die prestige-aand gedoen.

22. Indien daar enige besware of dispute ontstaan, moet dit skriftelik en onderteken by die skoolhoof ingedien word binne 3 skooldae na die datum waarop die leierkorps ingehuldig is. Anonieme of verbale of nie-ondertekende besware sal nie hanteer word nie.

23. Die betrokke beswaar word verwys na die skoolhoof en die Voorsitter van die Beheerliggaam vir oorweging. Die Skoolhoof en Voorsitter tree daarna in gesprek met die beswaarders en probeer die saak besleg. Indien daar geen wedersydse aanvaarding is nie,

word die beswaar na ‘n sitting van die volle Beheerliggaam verwys. Die beslissing van die Beheerliggaam is hierna finaal.

24. Indien daar enige ander omstandighede, binne bovermelde raamwerk geld, waarvoor daar nie voorsiening in hierdie beleid gemaak is nie, moet dit aangespreek word na die diskresie van die Bestuurspan onderleiding van die Skoolhoof.

25. Hierdie beleid sal hersien word, soos en wanneer nodig. Indien daar ‘n voorstel is vir wysigings aan die beleid, moet dit by die skoolhoof ingedien word vir voorlegging en oorweging deur die Beheerliggaam.

*********************************************

# LEIERSRAAD STRUKTUUR

